# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 2

As julle nou in 'n winkel sentrum of by die kerk is of by 'n plek waar baie mense is.  Hoe weet jy dit is jou mamma of pappa wat met jou praat en nie 'n ander tannie nie.

Jy ken hulle stem.. Maar hoekom ken jy hulle stem?

Want jy is elke dag by hulle en jy gesels elke dag met hulle. en hulle met jou.

Nou, hoe dink ons gaan ons Jesus se stem hoor as ons dan nie elke dag met Hom praat nie.  Of die mooi briewe lees wat Hy vir ons geskryf het in die vorm van die Bybel nie.

Dit is hoekom dit so belangrik is om bybel te lees en te bid elke liewe dag.  Want dit is 'n verhouding wat jy met ons hemelse Vader het.

# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 2

Mat theus 6:7-18

7 En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die
heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor
sal word.
8Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle
nodig het voordat julle Hom vra.
9Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam
geheilig word;
10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so
ook op die aarde;
11 gee ons vandag ons daaglikse brood;
12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in
ewigheid. Amen.
14 Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle
hemelse Vader julle ook vergewe.
15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle
Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.
16 En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes
nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien
kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.
17 Maar jy, as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig,
18 sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat
in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in
die openbaar vergelde.

# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 2

## Gebeds resep volgens Mattheus 6:9-13

**Onse Vader wat in die hemele is,**

**laat u Naam geheilig word;**

**laat u koninkryk kom;**

**laat u wil geskied,**

**soos in die hemel net so ook op die aarde;**

**gee ons vandag ons daaglikse brood;**

**en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;**

**en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.**

**Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.**

**Amen.**

# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 2

## Gebeds resep volgens Mattheus 6:9-13

**Onse Vader wat in die hemele is,**
Erken Hom vir wie Hy is.. Hy is ons Vader so ons kan na Hom toe gaan met enigiets. Al het ons gesondig en al maak die duiwel ons skuldig voel. Ons kan na ons Pappa wat al klaar alles weet toe gaan en jammer se en Hy vergewe ons **dadelik** ek dan is dit asof ons nooit gesondig het nie.

Hy is ook ons Koning. As jy 'n uitnodiging kry om na 'n koning se paleis toe te gaan vir koek en tee. Wat sal jy doen?

Eerstens sal mens mos jou beste klere reg kry. Jou hare mooi maak en seker maak jy is goed gebad en tande geborsel. Dan sal mens dink aan wat jy met die koning sal gesels. Ons gaan mos nie onvoorbereid na 'n koning toe nie.

Nou net so wanneer ons met die Koning van alle konings praat moet ons voorbereid wees in wat ons vir Hom wil se en vra.

# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 2

## Hy is ons Vader.

Ons kan met enigiets na Hom toe gaan, Hy weet al alles en ken ons beter as wat ons onself ken.



# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 2


## Hy is die Koning.

Hy is die heerser van die heelal. Hy het alles geskape en is almagtig. Ons moet Hom die respek gee wat Hom toekom.



# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 2



# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 2

